





# EFESIËRS

## Die SpieëlBybel Vertaling

Skrywer: Francois du Toit



**EFESIERS –**

***VERTREKPUNT: GOD HET HOMSELF MET DIE MENS VERSOEN EN HOM MET DIE MENS VERBIND, VIR ALTYD.***

## HOOFSTUK 1

1:1 My naam is Paulus, ek verteenwoordig Jesus Christus; my bediening is gedrewe deur God se begeerte. Ek rig hierdie skrywe aan die geheiligdes in Efese asook aan alle gelowiges in Christus Jesus.

1:2 Ek groet julle met die guns en vriendskap van God as die Vader van die mens en Jesus Christus ons Leier.

1:3 Ons vier die welbehae van God, Hy is die Vader van ons Meester, Jesus Christus. Die feit dat ons in Christus ingesluit is kwalifiseer ons toegang en deelname in elke geestelike seëning in die hemelse dimensie.

1:4 Ons verbintenis in Christus assosieer ons reeds van voor die val met die liefdesdroom van God om die mens vir altyd onberispelik voor Hom te stel in intieme onskuld. (Die voorreg om in Hom geassosieer te wees beteken dat als wat met Christus sou gebeur, die mens onmiddelik insluit.)

1:5 Konsekwent met die bloudruk van ons ontwerp realiseer God die herstel van die mens tot die status van seunskap deur die verdienste van Jesus Christus. Ons is met Hom versoen; dit was immers nog altyd die voorneme van Sy begeerte.

1:6 Ons verbly ons in uitbundige vreugde in Sy welbehae; Sy liefde vir Sy seun is Sy liefde vir ons; Hy oorweldig ons met dieselfde guns.

1:7 Deur Sy bloed bevestig Hy Sy oorspronklike eiendomsreg oor die mens. Ons kwytskelding bewys die meetlose genade van God. Die bloedprys wys die waarde wat God op ons onskuld plaas.

1:8 In Sy grenslose guns teenoor ons ontdek ons dat die verlossing van die mens nie toevallig is nie; God het in Sy wysheid als fyn beplan en so uitgedink; Hy het ons gewens.

1:9 Sy begeerte is nie meer ‘n geheim nie; dit wat Hy van altyd af in Homself onderneem en gekoester het is nou aan ons bekend.

1:10 In Hom vind elke seisoen in tyd sin en volledige definisie; Christus gee bestaansreg aan als wat is in die hemel asook op die aarde; alles in die univers verenig en kulmineer in Hom. Hy is die slotsom van die geskiedenis.

1:11 Dit is hoe ons in God se prentjie pas, Christus gee dimensie aan ons erfdeel, ons is in Hom ingesluit; in die mens vind God weer gestalte, soos Hy ons in Christus as bloudruk gekoester het. Alles

wat Hy vermag gee uitdrukking aan die skeppende energie en intensie van Sy vermoë en passie.

1:12 Dit was ons voorreg as Jode om van die begin af met geloofsverwagting na die Messias uit te sien; die verwagting was dat die mens weer herstel sou wees tot God se heerlikheid.

1:13 En nou, in die ontsluiering van die logika van God, (die oorspronklike gedagte, Joh.1:1) ontdek die nasies hul gelykwaardige insluiting in Hom. Fantastiese nuus! Die publieke aankondiging van die verlossing van die mensdom in Hom word nou in julle geloof bevestig en verseël deur die Heilige Gees.

1:14 Hy gee titelakte as waarborg tot eiendomsreg van alles wat verlossing beloof. Die triomf van Sy oorspronklike opinie word weer gevier.

1:15 Julle sal verstaan hoe opgewonde ek is oor die tyding van julle geloof in Jesus Christus en passievolle liefde vir al die ander heidense nasies wie hul onskuld en insluiting in Hom besef.

1:16 Ek is so bly vir julle en hou julle aanmekaar vas in my gedagtes en gebede.

1:17 Ek bid dat julle die Vader ken as die bron van die bloudruk plan; Hy is die God van Jesus Christus ons Leier. Hy gee aan julle die vermoë om Hom intiem te ken deur die gees van wysheid en openbaring. (Dit beteken soveel meer as blote akedemiese waarneming of filosofiese bespiegeling.)

1:18 Ek begeer dat julle die lig baie duidelik sal sien op die diepste vlak van julle denke en oortuiging om ten volle te begryp hoe Hy julle in Hom identifiseer en hoe kosbaar elkeen vir Hom is. Dit gaan vir God oor ons; ons herstelde onskuld is vir Hom die rykdom van Sy bates en erfdeel. (God meet Sy rykdom aan wat Hy in ons het!)

1:19 Nou bid ek dat julle sal besef hoe geloof die onmeetbare grootheid van die werking van Sy krag in ons aktiveer;

1:20 dit is presies dieselfde dinamiese vermoë waarmee God Jesus uit die greep van die doderyk uit lewend gemaak het en tot heerskappy verhef het in die outoritiet van Sy regterhand in die hemelse dimensie. (Die sfeer van geestelike realiteite.)

1:21 Sy posisie van mag is onbedreigd verhewe bo al die gekombineerde gesagsordes van elke koninkryk, heerskappy of regeringstelsel; Hy beklee ‘n rang van uisonderlike superioriteit, geen ander naam of reputasie sou ooit met Hom kon meeding nie.

1:22 Sy posissie van absolute outoriteit beteken voorts dat elke gesagsvorm aan Hom onderworpe is, als is onder Sy voete; die outoriteitsliggaam is die ekklesiakerk waarvan Hyself die hoof is.

1:23 Die ekklesia, (Sy beeld en gelykenis in die mens) is die sigbare, tasbare liggaam van God op aarde. Die volheid van Sy wese wat

alles in almal tot vervulling bring, leef in ons! (Die ekklesiakerk is die mees volledige ruimte waarbinne God Homself kan vertoon.)

**Hoofstuk 2**

2:1 Julle was in ‘n doodse maalkolk van ‘n onvervulde lewe van sonde, vasgegroef in ‘n minderwaardige lewensgehalte.

2:2 Ons was almal destyds deel van dieselfde dilemma, meegesleur in ‘n lewenspatroon deur ‘n kragtige onsigbare invloed, ‘n geestelike gesag wat ons as sy gyselaars as seuns aangeneem het deur ons eie ongeloof (oor wie ons werklik is) Hierdie diktator het ons uitgebuit en sy karakter in ons laat geld. (Net soos ‘n virus sy tipiese simptome in enige liggaam manifesteer, sonder aanneming van die persoon.)

2:3 Ons was almal daar, vasgespin deur wellus, verwronge in ons denke en gedragspatrone; dikwels gedryf deur die waansin van die sintuiglike, verslaaf aan giere en die genot van die oomblik; dit was asof ‘n skewe passie sy valse ouerskap oor die mensdom afgedwing het. (Jesus noem hom die vader van die leuen.)

2:4 Hierdie haglike toestand van die mens het geensins die oorweldigende liefde van God kon demp nie; Hy het ons nog altyd net aanhoudend lief gehad, met dieselfde dringendheid en intensiteit.

2:5 Dit verklaar dan hoe God daarin slaag om ons in genade te verlos van die verleentheid van die val: die een oomblik was die mens nog morsdood in sy sonde, ons was soos geestelike lyke; maar toe Jesus lewend gemaak word uit die dood, toe word die mens gelyktydig saam met Hom lewend gemaak. *(“Na twee dae sal Hy ons lewend maak, op die derde dag sal Hy ons opwek!” Hosea 6:2.)* Terwyl sonde destyds die bewys was van ons geestelike dood, getuig genade nou van die geldigheid en gehalte van ons nuwe lewe.

2:6 Die mens is in Christus. (Sien 1 Kor.1:30, maw alles wat met Hom gebeur het, het met die mens gebeur; nes ons in Sy dood verteenwoordig en verenig was) is ons ewe ingesluit in Sy opstanding. Terselfdertyd deel ons ook in Sy hemelvaart, in Sy liggaam en persoon is die gevalle mens weer welkom in die hemelse Troonkamer en is ons herstel tot dieselfde possisie van gesag. Ons sit saam met Hom in hemelse plekke! (Hemelse plekke is nie meer ons eindbestemming nie maar juis ons vertrekpunt! Kol.3:1-3)

2:7 Die tydlose toekoms is God se geleentheid om onverpoosd die oortreffende rykdom van Sy guns teenoor die mens te verklaar. Elke toekomsoomblik verkondig die feit dat die mens ingesluit is in die welbehae van God in Christus Jesus.

2:8 Verlossing is uitsluitlik ‘n genade gebeure sonder enige bydra van ons kant af, nie eers geloof is uit onsself nie, dis immers God se geloof in ons verlossing wat ons in staat stel om te glo; dis Sy geskenk aan ons. (‘n Geskenk kan nooit met ‘n loon verwar word nie.

Rom.4:4)

2:9 Ons sou met rede kon spog (en die resep smous) indien ons eie wilsinspanning of ywer ons kon red. (Die wet het egter reeds bewys hoe onmoontlik dit was.)

2:10 In Christus vertoon God die geïnspireerde bloudruk ontwerp van die mens, hoe Hy ons voorgestel en volledig toegerus het om spontane, aantreklike uitbeelding te gee in alles wat ons doen; sodat ons alledaagse lewenswandel Sy koninklike karakter kan tentoonstel. Die mens is God se gedig. (Grieks, *poeima*.)

2:11 Terwille van die rekord herinner ek julle daaraan dat julle kort gelede nog deel was van die mensemassa wat in die geselskap van die Jodedom as heidens geklasifiseer is. Hulle het neerhalend na julle verwys as onbesnedes; (hulle is tog so trots op die feit dat dit juis hulle besnydenismerk is wat hul onderskei van die res! Terwyl die onderskeiding van karakter soveel meer gewig dra as die uitgediende skadubeeld besnydenis seremonie.)

2:12 Die Messiasbelofte het julle nie geraak nie; julle het geen belang gehad in die Israeli geskiedenis of hul profetiese verwagting nie; julle het geleef in ‘n uitsiglose wêreld waarin dit gevoel het asof God afwesig was.

2:13 Skielik ontdek julle dat jul assosiasie in Christus elke definisie van afstand gekanselleer het in Sy bloed. (Sy bloed bevestig jul oorspronklike waarde. Ef.1:4)

2:14 Nou is Hy ons harmonie, ons is mededeelgenote van mekaar, alles wat ons moontlik van Hom of van mekaar kon skei is uitgewis. Almal is nou een.

2:15 In Sy liggaam van vlees, (waarin Hy elke mens verteenwoordig in Sy lewe, sterwe, en opstanding) het Hy die spanning en vyandskap teenoor die Joodse seremonies en wettiese instellings tot niet gemaak. Dit sou nooit weer dien om mense van mekaar te onderskei nie. Die vrede wat Hy nou verkondig openbaar een nuwe mensras, geformeer en gedefinieer in Christus, inplaas van twee soorte mensegroepe wie deur geografiese, etniese en kulturele verskille geskei was.

2:16 Albei partye (die Jode en die res van die mensmassa, die sogenaamde heidene) is nou ten volle verteenwoordig en ingesluit in een liggaam en deur die kruis met God versoen. Die oorspronklike harmonie is herstel, elke element van vyandskap sterf in Sy kruisdood.

2:17 Op hierdie platform kondig Hy nou die goeie nuus van vrede aan; dit sluit elkeen in, beide julle wie as buitestaanders gereken was, sowel as die wie nog al die tyd naby was. (Vanweë hul Joodse herkoms.)

2:18 Deur Hom het ons almal nou gelyke toegang in een Gees om

God as Vader te herken. (Deut.32:18, Ps.22:27.)

2:19 Die slotsom is duidelik, julle is nie meer vreemdelinge en buitestaanders met 'n minderwaardige stand nie, maar julle geniet gelyke burgerskap status as intieme deel van die huisgesin van God, ingesluit in dieselfde onskuld.

2:20 Julle huisgenootskap gee aan hierdie geestelike tempel struktuur en sigbare definisie; terwyl julle lewens beide die profetiese woord asook die boodskap van die apostels bevestig; hulle het die fondament gelê waarop julle nou gebou is. Jesus Christus is self die hoeksteen. (As hoeksteen is Hy die eerste sigbare getuienis van die gebou, die herstelde beeld en gelykenis van God in die persoon en liggaam van 'n mens.)

2:21 In Hom is elkeen soos 'n lewende legoblokkiebousteen kunstig saam getoonset in een gedig, deel van dieselfde gesprek wat spontaan gestalte vind in Sy heerskappy as die intieme allerheiligste tempelwoning van God.

2:22 In Hom is elkeen ingebou as die permanente woning van God in die geesdimensie. Die mens is weer God se adres!

**Hoofstuk3**

3:1 My bediening word nie gemeet aan die grootte van my tronksel nie, Sy guns het my arresteer, ek's die gevangene van Jesus Christus terwille van julle wie die massa nie-Joodse nasies verteenwoordig.

3:2 (My boodskap is nie opgesluit in hierdie tronksel omstandighede nie.) Dit is tog reeds aan julle bekend dat ek toevertrou is met die goeie nuus om aan die sogenaamde heidene te openbaar hoe volledig hulle ingesluit is in die guns van God.

3:3 Julle sal onthou dat ek reeds kortliks in 'n vorige skrywe verwys het na die dramatise wyse waarop God hierdie verborgenheid aan my geopenbaar het; die stilte is gebreek; 'n eeuoue geheimenis is onthul.

3:4 Ek skryf hierdie dinge juis sodat julle saam met my ten volle kan begryp hoe hierdie geheimenis van Christus elkeen insluit. (Die openbaring is onvermydelik, dis soos twee riviere wat skielik een word.)

3:5 Ons vertolk en beleef 'n unieke oomblik in die geskiedenis van die mensdom, die ontsluiering van alles wat die profete en apostels van gepraat het realiseer nou in die gees dimensie. Nog nooit voorheen was daar 'n onthulling van groter universele omvang bekend gemaak aan die seuns van die mens nie. (Die seuns van die mens is in Christus steeds die seuns van God.)

3:6 Dit is duidelik dat die mense massa wie as heidene gereken was

nou presies dieselfde erfdeel aanspraak as Israel geniet; ons is almal lede van een en dieselfde liggaam in Christus. Die goeienuusboodskap bevestig dat die voorneme en belofte van God ewe relevant en van toepassing op almal is.

3:7 Die openbaring van die geskenk van God se guns en genade aan alle mense is waaroor my hele bediening gaan; dit is die geheim en die kragbron van Sy energie en passie in my. (Sien 2 Kor.5:14,16.)

3:8 Ek is by verreweg die geringste onder die heiliges. (Die feit beklemtoon juis Sy guns as gawe eerder as ‘n belonging vir ‘n voorbeeldige lewe.) Sy genade is my uitsluitlike kwalifikasie om hierdie onontginde skat van die ontdekking van Christus in alle nasies bekend te maak.

3:9 Dit is die mandaat en dringendheid van my bediening, om elke mens soos in duidelike daglig te laat sien, sodat elkeen ten volle kan besef hoe volkome ons ingesluit is in hierdie intieme assosiasie, wat van ewigheid af in God verborge was; Jesus Christus self is die bloudruk van die hele skepping.

3:10 Die ekklesiakerk (as Sy liggaam wie Sy beeld en gelykenis weer vertoon in vlees,) is nou God se agent om elke outoriteit en gesag in die hemelse dimensie te konfronteer met die grenslose omvang van Sy wysheid. (Die mens is Sy trofee!)

3:11 Jesus Christus is ons Leier, in Hom gee God geïnspireerde gestalte *(poeima,* in Engels, poem) aan Sy tydlose gedetaileerde verwagting en vooruitsig. *(aion pro-thesis)*

3:12 Sy geloof in ons gee ons lewe integriteit. Omdat ons in Hom verenig is spreek ons met dieselfde deursigtigheid en met onverskrokke durf. Hy is ons vertrekpunt en ons toegang tot elke mens.

3:13 Julle behoort ge-eerd te voel oor wat ek namens julle ly, eerder as verleë of verantwoordelik.

3:14 Oorweldig deur die boodskap van die verrykende omvang van Sy guns, kniel ek in gebed voor die Vader van Jesus, Hy is die direkteur en outoriteit van die Christuslewe in ons.

3:15 Ek erken Hom as Vader en oorsprong van elke familieverwantskap beide in die hemelse dimensie asook op die aarde; Sy Naam gee identiteit aan elkeen.

3:16 Dit is my intense begeerte dat julle die meetlose rykdom sal begryp van als wat Hy julle gegee het om julle innerlike wese dinamies deur Sy Gees te bekragtig.

3:17 Geloof is die uitsluitlike vermoë waardeur die inwoning van Christus in die mens besef kan word. Liefde is die onsigbare kragbron van jul lewe net soos die wortels van ‘n boom of die fondasie van ‘n gebou.

3:18 Vanuit hierdie reservoir put julle die vermoë om as mede verontskuldigdes die grenslose dimensies van die liefde van God te ervaar; die breedte, lengte, hoogte en diepte daarvan.

3:19 Om die liefde van Christus intiem te beleef oortref blote akedemiese intellektuele begrip; dit is die enigste ruimte waarbinne God Homself in Sy volheid kan uitleef in die mens.

3:20 Ons vereer Hom wie ons grootste droom of wens om iets te word of te bekom by verre oortref deur die dinamiese werking van Sy vermoë in ons.

3:21 Die toejuiging en applous in die ekklesiakerk kom Hom alleen toe! In Christus Jesus bevestig God Sy heerlikheid in ons deur alle geslagte en eindlose tye. Hoofletter JA!

**Hoofstuk 4**

4:1 So hier sit ek nou in die tronk, maar my groter besef is dat ek in Hom is. (Ons sit immers saam met Hom in hemelse plekke. 2:6) Vanuit hierdie oortuiging maak ek 'n dringende beroep op julle om te let op die detail van jul lewenswandel sodat julle die definisie wat Hy aan julle gegee het as jul ware en enigste identiteit met integriteit sal uitleef. (Sy roeping identifiseer julle eerder as jul natuurlike etniese herkoms of kultuur.)

4:2 Nederigheid onderskei jul karakter en stel julle in staat om ongeveinsd mekaar te ag en in liefde te dra. (Dis so anders as om met mekaar opgeskeep te wees en mekaar maar net te duld bloot omdat ons sogenaamd aan dieselfde klub behoort.)

4:3 Koester eensgesindheid met toewyding; ons is verbind tot vrede en vriendskap.

4:4 In ons liefde vir mekaar bevestig ons dat daar net een liggaam is, ook net een Gees; ons is die produk van dieselfde verwagting; (God s'n) as naamgenote deel ons dieselfde verwantskap. (Dieselfde roeping, *kaleo,* geidentifiseer in dieselfde familienaam.)

4:5 Ons staan onder dieselfde outoriteit, daar is net een geloof (God se geloof) ons doping in Hom beteken dieselfde, (ons doop getuig daarvan dat ons verstaan dat ons in Sy dood en opstanding ewe ingesluit is.)

4:6 Daar is net een God, Hy het geen kompetiesie nie; Hy is die uitsluitlike Vader van die univers; ons is omdat Hy is. Hy beklee die absolute gesag, alles het deur Hom ontstaan, en Hy is in elkeen van julle. (Hy is nie ver van enigeen nie, in Hom leef, beweeg en bestaan die mens; die mens is die godsoort, Sy geslag. Hand.17:24-48.)

4:7 Die gawe van Christus gee dimensie aan Sy guns en definisie aan elkeen se individuele menswees en waarde. (Elkeen het dieselfde genade ontvang, volgens die mate van die gawe van

Christus; een maatstaf, dieselfde guns.)

4:8 Die profetiese skrifte bevestig dat Hy ons as Sy trofee in Sy triomftog tot die hoogste orde van menswees herstel het; Hy het Sy gawe in die mens, (Sy beeld en gelykenis) weer in besit geneem. (Sien 2:6, Ps.68:18)

4:9 Sy triomfantlike opgang bevestig dat Hy geslaag het in Sy missie toe Hy neergedaal het tot die laagste vlak van die ellende waarin die mensdom gedompel was (deur Adam se val. Hy het neergedaal tot op subzero vlak en die mens weer verhef tot die hoogste orde van lewe.)

4:10 Sy reputasie strek oor alle grense heen; (die Lam en die Leeu is dieselfde Persoon!) Hy gee betekenis en finaliteit aan alles wat is. (In Sy dood smaak Hy ons uiterste vernedering, in Sy opstanding deel ons in Sy hoogste eer.)

4:11 Dit wat God in ons het is nou Sy geskenk aan die wêreld, dieselfde inhoud maar doelspesifiek verpak, sommige word aangewend in ‘n leierskap en pioniers hoedanigheid, ander bedien profeties om gelowiges aan te moedig en op te bou, sommige het die spesifieke vermoë om die evangelie kragtig te verkondig aan die wie nog nooit die goeie nuus gehoor het nie, dan is daar die wie tipiese herders is met ‘n besondere gawe om gelowiges pastoraal te versorg, terwyl ander weer die gawe het om kennis op so manier oor te dra dat almal dit duidelik kan sien. (In God se ekonomie is leierskap nie ‘n loon wat iemand ontvang deur een of ander voorskrif na te volg of skolingskursus by te woon nie, maar gawes wat Hy dinamies in ons tot die voordeel van ander inspireer.)

4:12 Elke bedieningsgawe het dieselfde oogmerk, om die herstel van die onskuld van die mens so te beklemtoon dat ons in ons bediening aan mekaar met akurate bevoegdheid gestalte kan gee aan die liggaam van Christus.

4:13 Uiteindelik besef ons dat ons in dieselfde geloof verenig is; (God se geloof stel ons in staat om onsself te ken presies soos Hy ons ken) dit waarvan die Seun van God oortuig is aangaande ons is nou ook ons oortuiging; Christus in Sy totale menswees gee definisie aan ons; Hy is ons bloudruk. (Hy is nie net ‘n voorbeeld vir ons nie maar juis van ons.) Ons staan teenoor Hom (soos in ‘n spieël) en in ons deelname aan Sy kennis en oortuiging reflekteer dieselfde lewe in ons. Nou is ons tot oorlopens toe vol met Hom. (Dit is die slotsom en uitsluitlike doel en funksie van elke bedieningsgawe in die liggaam; dieselfde kennis, dieselfde geloofsoortuiging, dieselfde beeld.)

4:14 Van nou af is elke verskoning gekanselleer om steeds soos onvolwasse, oningeligte kindertjies meegesleur te word deur allerhande teenstrydige opinies. Die gevaarlikste lewe is ‘n lewe van onkunde, dis soos ‘n skip buite beheer in die stormwinde van die

lewe; die val van die dobbelsteen dikteer terwyl die slinkse toertjies van leuenteorië vermaak. (Soveel leuenleringe is beskikbaar op die godsdiensmark, inluitende die Christendom, elkeen is gerig daarop om onkunde uit te buit en mense af te pers om hul tyd, energie en geld te steel. ‘n Dom mens is die duiwel se vennoot.)

4:15 Liefde is die stem van waarheid. (Die geopenbaarde waarde wat God in elke mens sien, gee definisie aan liefde.) Hierdie gesprek bepaal die atmosfeer tot spontane groei. Christus as die hoof van die liggaam is die inhoud en slotsom van die gesprek; elke aspek van menswees word in Hom verteenwoordig.

4:16 Vanuit Hom vloei die oorspronklike detail komposisie van ons ontwerp soos die woorde van ‘n gedig, (*epichoregeo,* ‘n dirigent van musiek) nes die ligamente in die liggaam word elke deel kunstig geheg in die ritme van die pas wat Hy aangee. Liefde is die energie wat elke komponent spontaan tot sy volle reg laat kom.

4:17 Ek maak ‘n dringende beroep op elkeen namens Hom om julle nie langer te laat meesleur deur die oningeligte ligsinnigheid van die massa nie, lewe sinvol in Hom.

4:18 Hulle begrip is verduister sodat die lewe van God vir hulle vreemd is; deur die onkunde van hul hart is hulle lewe uitsigloos, geblinddoek deur die illusie van die sintuiglike as hul enigste verwysing (net soos wanneer ‘n vertrek in duister gehul word wanneer die gordyn toegetrek is.)

4:19 Hulle is al so gewoond daaraan om sonder God te lewe dat hul geestelik vereeld is; gedrewe deur wellus en vraatsug leef hulle skaamteloos.

4:20 Die Christuslewe is in totale kontras.

4:21 Die waarheid aangaande Christus resoneer in die mens; in die persoon van Jesus ontdek ons die waarheid oor onsself.

4:22 In die oortuiging van die ware lewe soos dit in Christus vertoon word is dit nou moontlik om die ou identiteit soos ‘n vuil verslonste kleed af te ruk; wellus het jou in elk geval met leuens verlei en bedrieg om dit te dra asof dit jou identiteit was.

4:23 Nou word elke gedagtepatroon vanuit geesdimensie geherprogrameer; dis ‘n splinternuwe manier van dink.

4:24 Identifiseer jouself ten volle met die nuwe mens; die presiese fatsoen van die godsbeeld kry weer gestalte in jou, in absolute onskuld.

4:25 Leuens en voorgee is verby, elke gesprek met ons medemens word deur die waarheid van ons nuwe identiteit in Christus gemotifeer. Ons hoort immers aan mekaar net soos verskillende liggaamsdele aan dieselfe liggaam behoort. (Deur jou medemens te bedrieg doen jy dit aan jouself.)

4:26 Selfs al sou jy goeie rede hê, moenie dat kwaadword jou dag steel nie. ‘n Slegte bui laat die son vir jou sak en bekragtig duisternis om jou in sonde te verstrik.

4:27 Enige sonde wat mens duld is soos ‘n ope uitnodiging aan die duiwel en word ‘n platvorm vir sy agenda; gun hom geen geleentheid nie.

4:28 Jou lewe is radikaal anders! Al was dit jou reputasie om te steel is dit nou jou kans om elke geleentheid te benut om eerlik en hard te werk en in ander se behoeftes te voorsien.

4:29 Miskien was dit jou gewoonte om vuiltaal te gebruik, nou is jou mond ‘n fontein van guns en seën wat almal wat jou hoor inspireer en stig.

4:30 Die Heilige Gees is die seëlring van God wat jou vry verklaar om in volle daglig te leef; enige gedrag wat nog aan duisternis herinner grief Hom.

4:31 Deur gal te braak en in woede buie op mekaar te skree, mekaar te beskinder en te beswadder is alles deel van die vorige veslonste kleed. Die tipe gedrag hoort glad nie meer by julle nie. (Enigeen moet veilig en bevoordeel voel in jul gesprek.)

4:32 Die manier waarop God ons in Christus behandel inspireer ons gesindheid teenoor mekaar; ons gee opreg en spontaan om vir mekaar, en vergeef mekaar onmiddelik, ons koester vriendskap in ‘n atmosfeer van guns.

**Hoofstuk 5**

5:1 Weerspieël God in alles, tree presies soos Hy op; ons is immers Sy geslag en is deur Sy liefde verwek. Ons is die godsoort.

5:2 Ons lewenswandel maak God se liefde tasbaar op dieselfde wyse waarop Christus Homself onselfsugtig aan ons oorgegee het, Sy liefde is oorweldigend. Liefde gee spontaan; dit is vir God die aangename geur soos van ‘n wierook offerhande. (Dit herinner aan die heilige salfolie gemaak volgens voorskrif van geurige aromatise bestanddele voorberei deur ‘n spesialis salfmenger om in die heiligdom gebruik te word op die goue altaar van aanbidding onder die skadubeeld dispensasie van die Ou Testament. Ex.37:25-29)

5:3 Liefde en wellus het niks in gemeen nie; immorele gedrag en hebsug behoort nie eers ‘n onderwerp van bespreking te wees nie. (Ons gedrag en gesprek is ewe geheiligd.)

5:4 Enige vorm van gesprek wat neig na dubbelsinnigheid, skinder of sarkasme moet eerder vervang word met positiewe waardering dankbaarheid en guns.

5:5 Die heerskappy van die Christuslewe in ‘n menseliggaam gee definisie aan die koninkryk van God; hoerery, seksuele onreinheid

en gierigheid is soos om ‘n verwronge beeld van jouself te koester; dis die wese van afgodediens.

5:6 Moenie jou tyd mors met mense wat jou om die bos wil lei met die hol klanke van slimpraatjies nie. Ongeloof verwek ‘n lewenspatroon wat die misnoë van God dra.

5:7 Moenie deur hul ongeloof meegesleur word nie.

5:8 Voorheen was ons vasgevang in dieselfde duisternis van denke; maar nou leef ons in die outoriteit van Sy lig. Ons is kinders van die lig.

5:9 Lig openbaar geesvrug in als wat goed is en gee integriteit aan die getuienis van geregtigheid.

5:10 Op die manier bevestig ons lewenswandel die vreugde en welbehae van God.

5:11 Ons kan nie bekostig om enige duisternis in ons lewe te duld nie; geen assosiasie met duisternis hou vir ons enige voordeel in nie. Lig en duisternis kan nie in dieselfde vertrek bestaan nie, lig be-eindig die wurggreep van duisternis.

5:12 Jy besoedel jouself deur oor die donker detail van sondeskandes in ander se lewens te skinder.

5:13 Lig vernietig die kamoflering van duisternis, sodat versoeking sy skyn aantrekkingskrag verloor; so verplaas lig duisternis.

5:14 ‘n Splinternuwe dag roep luid: ‘Word wakker, staan op uit die doodslaap van donkerdink; Christus omstraal jou met daglig!’

5:15 In plaas daarvan om onverskillig voort te ploeter in dwaasheid, is dit tyd vir akkurate voorraadopname, gee wysheid gesag oor die detail van vandag.

5:16 Wysheid omskep tyd in geleentheid en bevry jou dag van uitputtende gesloer.

5:17 Kry klaar met domdink, omhels Sy droomlewe vir jou!

5:18 Dronkword is ‘n doodloopstraat; dronkpraatjies ‘n doolhof; ontsnap eerder die krisis van negatiewe omstandighede in geesdimensie.

5:19 Praat psalms met mekaar, sing en dig uitbundig saam, ontdek die melodie van hart tot hart fluistertaal met God.

5:20 Jesus Christus is die outoriteit van jou identiteit. Omdat jy God as Vader ken troon jy uit in triomf en blydskap bo enigiets wat met jou kan gebeur.

5:21 Behandel mekaar met die hoogste agting, net soos Christus Homself onselfsugtig aan ons gegee het.

5:22 (Die huwelik weerspieël juis hierdie wedersydse oorgee aan mekaar.) Hiers goeie raad vir getroude vrouens, neem die inisiatief in die manier waarop julle julle julself gee aan jul mans, met dieselfde onselfsugtige spontane toewyding; sien Christus in jul eggenote.

5:23 Die rol van die man is om dieselfde verlossingswaarde en sekuriteit wat Christus as hoof van die liggaam verteenwoordig, aan sy vrou te bied.

5:24 Binne die ruimte van volkome oorgawe aan Christus geniet die kerk die volledige voordeel van als wat verlossing voor staan, net so geniet die vrou elke huweliksvoordeel in haar afhanklikheid van haar man.

5:25 Die intensiteit van die liefde van Christus vir die ekklesiakerk, (die bloudruk beeld van God in die mens) is die enigste maatstaf en verwysing van die man se liefde vir sy vrou. (Die huwelik vier die inisiatief van die liefde, of dit nou die vrou of die man is, onvoorwaardelike, onselfsugtige liefde gee die pas aan tot sinvolle verhouding; verhouding kan nooit weer beperk word tot agterdog, pligsbesef- en skuldgevoelmotivering nie. God het ons liefgehad terwyl ons nog mislike sondaars was.)

5:26 Die manier waarop God met ons praat in Christus is soos om in ‘n diep warm bad te lê en week totdat elke vlek en vuil spontaan verdwyn.

5:27 Die effek van hierdie intieme gesprek stel die ekklesiakerk aan Hom voor as Sy herstelde beeld en gelykenis in die mens; sonder enige herinnering aan die verleentheid van ‘n skewe verlede, nie eers ‘n merk of wond van misbruik bly oor nie. Sy staan voor Hom in onberispelike onskuld.

5:28 Die beste ding wat ‘n man vir homself kan doen is om sy vrou heeltemal lief te hê en dit gedurig vir haar te sê. Dis selfs beter vir jou lyf as gesondeet en gim!

5:29 Stel jou voor hoe dom dit moet wees om jouself so te haat dat jy jou eie liggaam verag, nee man! Vetroetel hom eerder, trek hom mooi aan en laat hom goed voel. Kry die boodskap, jy is die liggaam van Christus; Hy is nie opgeskeep met jou en duld jou maar net verleë nie! Hy is dolverlief op jou!

5:30 (Dis soveel meer as blote beeldspraak,) God vind uitdrukking en definisie in die mens; ons is Sy werklike liggaam, vleis en bloed, murg en gebeente, volledig Syne! Ons lewe maak God sigbaar, tasbaar, wow!

5:31 Die huwelik beeld hierdie eenwees duidelik uit; die man verlaat sy pa en ma en verkleef hom aan sy vrou, twee aparte mense verweef in ‘n splinternuwe identiteit. (Die man vertoon sy vrou, sy vertoon hom.)

5:32 Dis die groot geheim van ‘n suksesvolle huwelik, weerspieël in die manier waarop Christus Homself onafskeidbaar met God se beeld en gelykenis in die mens versoen het. (Hierdie vereniging gee definisie aan beide die kerk en die huwelik, enige ander definisie is ‘n minderwaardige mensgemaakte versinsel.)

5:33 Ek kan dit nie genoeg beklemtoon nie, deur jou vrou vanselfsprekend te neem skeep jy jouself af! Deur haar lief te hê verryk jy jouself. Dieselfde geld vir die vrou, (op dieselfde wyse waarop die ekklesiakerk haarself oorgee aan die liefdesinisiatief van Christus,) is sy nou instaat om haarself volledig aan haar man te gee; deur hom te eer, soos sy Christus eer.

**Hoofstuk 6**

6:1 Binne hierdie omgewing van wedersydse liefde en onselfsugtige waardering, word die Christuslewe verder vertoon in die manier waarop die kinders teenoor hul ouers optree in spontane gehoorsaamheid.

6:2 Die heel eerste gebod met 'n direkte insentief van voordeel is juis om kinders aan te moedig om hul ouers te eer.

6:3 Dit is goeie raad vir lank en goed lewe.

6:4 Pa's, moenie jul kinders se moed en spoed breek deur druk en onnodige verwagtinge op hulle te plaas nie; 'n baie beter manier is om die ideale omgewing tuis te skep waarbinne hul gedagtes wakker word tot die besef van elke goeie kwaliteit in hulle.

6:5 Ook die vehouding tussen slaaf en eienaar is 'n platvorm van die Christuslewe. (Of dan werknemer en werkgewer in hedendaagse konteks.) Jou verhouding teenoor Christus stel jou nou in staat om met dieselfde toewyding en agting jou baas van harte en ongeveinsd te dien.

6:6 Dis soveel meer as om maar net goed te lyk wanneer jy weet jou baas vir jou kyk. Nou doen jy van harte spontaan goed omdat jy verslaaf is aan die begeerte van God om unieke uiting te vind in jou in als wat jy doen, die slaaflewe is nie minderwaardig tot die Christuslewe nie; (so adverteer die laagste vlak van sosiale stand die hoogste gehalte lewe.)

6:7 Hoe gering die taak ookal, God is jou eintlike 'baas' en nie 'n mens nie.

6:8 Dis oor en oor bewys dat 'n goeie daad nooit ongesiens bly nie; of jy nou slaaf of vry is, God ag jou dieselfde.

6:9 Liefde lyk nie anders in verskillende mense nie, of jy nou 'Baas of Klaas' is, liefde is ewe aantreklik. As jy die baas is, respekteer jou slaaf eerder as om hom te dreig, selfs al het hy 'n dom ding gedoen; jou guns gee gesag aan vrede en ontlont die spanning in die atmosfeer. Jou eie Meester wie die hoogste gesag in hemelse dimensie beklee is ook nie 'n aannemer van die persoon nie.

6:10 Ten slotte dan (en met verwysing na die tema en konteks van hierdie skrywe,) moedig ek julle aan om julle vermoë in die Meester ten volle te besef; jul vereniging in Hom (die Christuslewe in julle)

gee aan julle dieselfde gesag, gelykstaande aan die vermoë van Sy sterkte. (Ek herinner julle aan my gebed vir julle by die aanvang van my brief, *1:19 "Nou bid ek dat julle sal besef hoe geloof die onmeetbare grootheid van die werking van Sy krag in ons aktiveer; 1:20 dit is presies dieselfde dinamiese vermoë waarmee God Jesus uit die greep van die doderyk uit lewend gemaak het en tot heerskappy verhef het in die outoritiet van Sy regterhand in die hemelse dimensie. (Die sfeer van geestelike realiteite.) 1:21 Sy posisie van mag is onbedreigd verhewe bo al die gekombineerde gesagsordes van elke koninkryk, heerskappy of regeringstelsel; Hy beklee 'n rang van uisonderlike superioriteit, geen ander naam of reputasie sou ooit met Hom kon meeding nie. 1:22 Sy posissie van absolute outoriteit beteken voorts dat elke gesagsvorm aan Hom onderworpe is, als is onder Sy voete; die outoriteitsliggaam is die ekklesiakerk waarvan Hyself die hoof is. 1:23 Die ekklesia, (Sy beeld en gelykenis in die mens) is die sigbare, tasbare liggaam van God op aarde. Die volheid van Sy wese wat alles in almal tot vervulling bring, leef in ons! (God kan Homself nie meer volledig en akkuraat vertoon nie.)*

6:11 (Raak vertroud met die volle omvang van alles wat God se oorwinning in Christus behels.) Dis soos om die volledige oorlogsdrag van 'n Romeinse soldaat aan te trek; beklee jouself van kop tot tone met die uniform van God. (As die vyand jou teëkom loop hy hom in God vas. 'Jesus ken ek, en Paulus, maar wie's julle?' Hand.19:15) Elke slinkse aanslag teen jou kan jy suksesvol weerstaan.

6:12 'n Medemens kwalifiseer nooit as vyand nie; (nie jou eggenoot, kinders of ouers, baas of kneg, wergewer of werknemer, kliënt of kollega nie.) Om dus mekaar te teiken is dwaas. Ons verteenwoordig die gesag van die sukses van die kruis in die geesdimensie. Ons teiken strukture van duisternis wat mense met hul onsigbare verwronge invloed wil meesleur en manupileer. (Griekse voorsetsel, *pros, 'towards'* in hierdie konteks om onomkeerbaar voorwaarts te marsjeer om die buit t'rug te neem.)

6:13 Identifiseer jouself met die volledige gevegsuniform van God, jy is geklee in Sy outoriteit en reputasie om elke bose aanlsag suksesvol te verslaan op enige dag van konfrontasie sonder om grondgebied af te staan.

6:14 Sien jouself met die waarheid (van wie jy in Christus is) om jou lendene gebind soos 'n soldaat se lyfband; dit hou die hele gevegsuniform in plek. (Nou kan die vyand jou nie langer verslaan deur wellus en seksuele sondes nie.)

("Bewaar jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe..." Spr.4:23) hiers hoe, die openbaring

van geregtigheid is ‘n koëlvaste borsplaat. (Sien Rom.1:17)

6:15 Hierdie soldaat is uiters mobiel, kyk maar net na sy voetwerk, en daai stewels! Ons skuld die wêreld die goeie nuus dat die stryd reeds gewen is; kondig met vrymoedigheid en outoriteit vrede aan!

6:16 Die heel belankrikste deel van jou uitrusting is jou geloofsoortuiging; dit is soos die tipiese deurgrootte Romeinse skild wat jou hele presoon verskuil en sodoende elke pyl wat die vyand teen jou afvuur skadeloos maak. Al wat van jou sigbaar is, is jou geloof!

6:17 Moenie jou hoed by die huis vergeet nie; deur verlossingswaarhede te peins beskerm jy jou gedagtes soos ‘n staaldak op ‘n soldaat se kop. Jou woordgedrewe gesprek is jou geestelike swaard.

6:18 Gebruik jou swaard in Gees geïnspireerde gebed; elke tipe gebedsvorm, hetsy ‘n versoek, ‘n danksegging of aanbidding of voorbidding vir die gelowiges, weerspieël jou outoriteit in geesdimensie. Onthou, dis ook nie net ‘n eenrigting gesprek nie, bid met oop ore; gereed om te hoor en soms self die antwoord op jou eie gebed te wees. (Bv. “Bid die Here van die oes om arbeiders in Sy oes uit te stuur, gaan dan, kyk Ek stuur julle...” Mat.9:38, 10:1.)

6:19 My mees dringende gebedsversoek is dat ek geïnspireerd en akkuraat praat sodat ek met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie effektief bekend kan maak. (Naamlik die ingeslotenheid van elke mens in Christus, 1 Kor.2:7,8, Ef.1:4, 1 Kor.1:30, Kol.1:26,27.)

6:20 Ek is ‘n ambassadeur in boeie, verbind tot die mandaat om sonder skroom die openbaring van die evangelie met oorleg te verkondig.

6:21 Ek besef dat hierdie nie juis ‘n nuusbrief is nie, maar my geliefde kollega Tychicus sal julle als vertel oor ons doen en late. (Hy skrywe vir my die brief, want dit sukkel maar met die boeie!)

6:22 Dis juis hoekom ek hom na julle stuur dat hy julle namens my kan bemoedig en bevestig hoe ons in dieselfde hartklop deel.

6:23 Ek bid julle ‘n broederskapsvrede toe en ‘n liefde gedrewe geloof waarvan God die Vader en Jesus as die outoriteit van die Christuslewe, die oorsprong is.

6:24 Gunsgroete aan almal wat met onverdeelde passie ons Meester, Jesus Christus liefhet. Amen.

**NOTAS**

**1:13** Die woord, *logos* van die waarheid, *alethea,* van *a* + *lanthano,* ontsluier, nie meer verberg.

**2:10** Die mens is God se gedig; Hy het ons uitgedink, gewens en in

Christus ontwerp; Grieks, *poema,* 'poem' in Engels; die mens is die produk van God se geïnspireerde gedagte! In Christus se verdienste het God 'n hoofweg voorberei om die mens in triomf uit te lei, uit die dood in die lewe. Die Griekse word, *proetoimatso,* verwys na 'n Oosterse gebruik om die paaie te versier en gelyk te maak om dit vir konings maklik en mooi te maak op hul reise, Jes.40:3-5, daarom sê Jesus dat Hy die ware weg tot die lewe is, Hy is die mens se uitsluitlike toegang t'rug na die Vader.

**3:4** Begrip, *sunesis,* 'n samevloeing soos wanneer twee strome een word.

**3:21** Die kerk vertoon Sy beeld en karakter in die mens as die oorspronklike identiteit van die mens.

**4:8** Quote from the Hebrew text, Ps. 68:18, *lakachta mattanoth baadam,* thou hast taken gifts in man, in Adam. The gifts which Jesus Christ distributes to man he has received in man, in and by virtue of His incarnation. *Commentary by Adam Clarke.*

**4:13** Sien Heb.11:3, "deur die geloof verstaan ons..." ook 2 Pet.1:5, in die geloof ontdek ons kennis.

**4:14** Volwassenheid het baie meer te doen met sien as seisoen! Jesus sê terwyl ons 'n vier maande seisoen nodig het vir die saad om ryp oes te word, wil Hy hê ons moet die oes sien soos Hy dit sien, reeds heeltemal ryp. Die saad in die aar lyk presies soos die saad wat gesaai is. Joh.4:35, 1 Kon.6:7. Seisoen het tyd nodig, geloof het sien nodig; daarom kan God bekostig om dinge te roep wat nie blyk te wees nie, asof dit was! Rom.4:17. In Sy dood en opstanding het alles met die mens gebeur wat moes gebeur om die mens volmaak te herstel in die beeld van God. Al wat kort is vir die mens hom dit te sien, te glo en te verstaan, dan volg die wandel spontaan. Terwyl die mens homself meet met die verkeerde maatstaf (nie die 4:7 maatstaf nie) het hy 'n verskoning om aan te hou leef in geestelike onvolwassenheid sy lewensduur lank en saam met Israel veertig jaar te mors in die woestyn van ongeloof.

**5:31** In the same way He elevated us from our natural birth as our only identity to an understanding of our origin in Him confirmed again in our new birth, His resurrection, and our subsequent restored joint position together with Him in heavenly places; thus He brought about a new union of intimate oneness; God and man revealed again in one Person.

**5:32** Mensgemaakte strukture se dae 2000 jaar gelede al getel! Jesus sê nie een steen van die ou gebou het oorgebly toe Hy sterf nie; in plaas van die ou tempelgebou het 'n splinternuwe mens opgestaan uit die rotsgraf! Johannes 2:19

**Ander Boeke en vertalings deur Francois:**

ROMANS Revealed; COLOSSIANS; JAMES; EPHESIANS; GOD GLO IN JOU (Ook in Engels en Russies) DIE GEHEIM IS UIT (Engels en Russies) INTIEM MET GOD (Divine Embrace Eng,Russies) THE LOGIC OF HIS LOVE; THE TRIUMPH OF FRIENDSHIP

Copy right Francois du Toit 2008